

Ovi-Clos P

Reg. Nr. G4261 Wet 36/1947

NSO V18/24.4.2/1435 Wet 13/2003

ENTSTOF VIR SKAPE & BOKKE

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie.
Beskerm teen lig. Skud goed voor gebruik.

DOSEERVORM

Inspuitbare entstof

SAMESTELLING

Bevat gesuiwerde en gekonsentreerde toksoïede van *Clostridium perfringens* Tipe D, *Clostridium septicum* en *Clostridium tetani*; integrale anakulture van *Clostridium chauvoei*, bakteriene van *Pasteurella multocida* en *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* bakteriene, geadsorbeer met aluminiumhidroksiedjel.

INDIKASIES

Vir die aktiewe immunisering van skape en bokke teen sponssiekte, bloednier, kwaadaardige edeem, klem-in-die-kaak, long- en septisemiese pasteurellose. Hierdie entstof word veral aanbeveel as 'n hulpmiddel in die voorkoming van long- en septisemiese pasteurellose in lammers.

WAARSKUWINGS

- Moet nie diere binne 21 dae na die laaste inenting vir menslike gebruik slag nie.
- Die entstof bevat 'n adjuvant wat 'n tydelike knop by die plek van inspuiting mag veroorsaak.
- In enige groep diere kan 'n klein getal individue faal om te reageer op inenting weens immunologiese ontoereikendheid of om 'n ander rede. Bevredigende immuunresponse sal net in gesonde diere verkry word, gevolglik is dit belangrik om dit te vermy om siek diere of diere met 'n swak voedingstatus in te ent.
- Soos met die meeste geïnaktiveerde entstowwe, kan beduidende vlakke van immuniteit nie verwag word tot twee weke ná die tweede dosis van die primêre inentingskursus nie. Stres moet vermy word wanneer diere ingeënt word, veral tydens latere stadiums van dragtigheid wanneer daar 'n risiko is dat misgeboorte of metaboolse verstoringe geïnduseer kan word.
- Houers wat gedeeltelik gebruik is moet aan die einde van die dag se werksaamhede vernietig word aangesien deurboring van die rubberseël kontaminasie van die oorblywende inhoud kan veroorsaak.
- Soos met alle entstowwe mag hipersensitiwiteitsreaksies per geleentheid voorkom.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg die veearts en verwittig die registrasiehouer.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui. Skud goed voor gebruik.

DOSIS

- 2 ml deur onderhuidse inspuiting.
- Toediening is deur onderhuidse inspuiting in die los vel agter die skouerblad of aan die binnekant van die dy, terwyl aseptiese voorsorgmaatreëls toegepas word. Moet NIE in die nekarea inspuit nie. Bokke moet in die los vel onder die stert ingeënt word.
- Spuite en naalde moet uit gamma-bestraalde pakke wees of vars gesteriliseer word deur dit vir ten minste 20 minute te kook. Geen alkohol of ander ontsmettingsmiddels moet vir sterilisering gebruik word nie. Die bottel waarin hierdie produk is, vou inmekaar en dis onnodig om lug in die bottel in te spuit ten einde die entstof te verwyder. Dit is dus geskik om met 'n spuit wat outomaties herlaai te gebruik sonder dat 'n lugbuis deur die bottel se deksel nodig is. Neem kennis van die aanwysings wat met sulke spuite verskaf word, en sorg moet geneem word om te verseker dat die volle dosis gelewer word, veral met die laaste paar dosisse uit die bottel.
- **Skape van alle ouderdomme:** 2 ml onderhuids en die dosis moet na 'n tussenpose van vier tot ses weke herhaal word. Dit kan verwag word dat lammers van ingeënte ooie weens die biesmelk vir tot vier weke teen *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* en vir tot 12 weke teen die klostridiale siektes wat hier bo gelys is beskerm sal wees. Lammers wat behou word sal dus self 'n volle inentingsprogram benodig. Die tydsberekening van die eerste inspuiting moet noukeurig beplan word sodat die volle inentingsprogram voltooi kan word voordat die tydperk van verwagte risiko van siekte weens *Mannheimia (Pasteurella) haemolytica* of klostridia aanbreek. Lammers van ooie wat nie ingeënt is nie, moet 'n eerste inspuiting van 2 ml entstof tydens die eerste lewensweek en 'n tweede inspuiting van 2 ml vier tot ses weke later ontvang. In areas met 'n hoë voorkoms van bloednier, mag dit raadsaam wees om 'n derde entstofdosie in die eerste lewensjaar aan lammers wat vroeg in die jaar gebore is te gee. 'n Jaarlikse skraagdosie moet toegedien word met 'n interval van nie langer as 12 maande nie. In volwasse teelooie moet die jaarlikse skraagdosie 4-6 weke voor lam toegedien word.
- **Bokke:** Raadpleeg jou konsulerende veearts vir 'n volledige entingsskedule.

AANBIEDING

100 ml en 250 ml.

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie. Beskerm teen lig. Skud goed voor gebruik.



KYRON

Registrasiehouer: Kyrón Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07,
Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr.
31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.

Botswana Listing No.: BV2100315/A/B
Category of Distribution: VPS